

1 April - EVANGELIE

Skrifgedeelte: Lukas 2:8-15

Fokusgedeelte: Lukas 2:10

Evangeligie beteken *goeie, blye boodskap*. Ons almal smag na goeie boodskappe, soos: jou kanker is genees; korrupsie word hokgeslaan; die globale resessie is verby; misdaadsyfers daal; Jan het tot bekering en geloof in Christus gekom.

Tydens Lukas se lewe, destyds, was daar baie *evangelies*. Die bekendste evangelie het oor die keiserkultus gegaan. Wanneer 'n nuwe keiser die troon van die magtige Romeinse Ryk bestyg het, is talle vreugde- en heilsaankondigings gedoen. Maar, in plaas van voorspoed en seën, het 'n nuwe vlag korrupsie en geweld die onderdane getref. Dit klink baie bekend, nie waar nie? Die sondes van gister en vandag is dieselfde.

Met die geboorte van Jesus word ook 'n blye, goeie tyding gebring – eers engele wat die geboorte van die Seun van God aankondig. Hierdie blye boodskap, evangelie, word verder gedra deur eenvoudige herders, wyses uit die Ooste, Johannes die Doper. Later ook deur Jesus Self, sy volgelingen en sendelinge. Vandag is dit bekend tot in die verste uithoeke van die aarde.

Die vreugde en lewe wat die *ware evangelie* bekend maak, is waar en eg. Mense se lewens word beskerm, vernuwe en getransformeer. Individue en volke word met mekaar versoen. Liefde en omgee kom in die plek van haat en uitbuiting.

Jesus Christus streef nie na mag en rykdom nie. Hy verslaaf nie sy onderdane nie. Nee, Hy sterf vir hulle en gee aan hulle vrypraak, versoening en die ewige lewe.

Sekerlik het die *ware evangelie* jou ook bereik. Gee dit elke dag aan jou hoop en blydschap in hierdie gebroke wêreld? Die engele besing die *eer van God* en die *gekome vrede* onder die mense. Is dit ook voluit deel van jou lewe?

Sing: Skrifberyming 1-3:1 en 2

Dr NP Heystek (Emeritus)